Kom ons hoop dat Eskom ten minste 77 persent kan behaal

Oor die afgelope paar jaar het ek al talle kere kommentaar gelewer op die sterk groei in verdiense van klein- en mediumondernemings in die nadraai van die afgelope resessie, soos die besighede op die verlaging van bedryfskoste en die verhoging van doeltreffendheid gefokus het.

Die verdienstemomentum van kleinkapitalisasie-aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, is egter aan die afneem teen 'n agtergrond van gedempte binnelandse finale-aanvraagsgroei.

JSE se kleinkapitalisasiesektor se verdienstes en opbrengste



Bron: I Net

Die bedryfsomgewing vir klein besighede raak nie makliker nie. Daar is natuurlik ook goeie nuus, veral die ineenstorting van die olieprys. In wese verteenwoordig die val in brandstofkoste 'n verbetering in Suid-Afrika se koopkrag. Een ons goud kan tans vyf-en-twintig vate olie koop, vergeleke met slegs twaalf vate ses maande gelede.

Suid-Afrikaanse huishoudings het in 2014 'n beraamde R108 biljoen aan petroleumprodukte bestee. Gegewe die huidige vlak van die Rand en die olieprys, is die geïmpliseerde besparing vir huishoudings R27 biljoen in 2015 relatief tot 2014 (of rondom 1 persent van persoonlike besteebare inkomste).

2/….

Die 27.8 persent daling in petrolpryse tussen Augustus 2014 en Februarie 2015 verlaag verbruikersprysinflasie, wat na verwagting net 4 persent in 2015 sal styg, voor dit weer in 2016 vanweë basis-effekte hoër sal neig. Saam met die verwagte verbetering in Suid-Afrika se lopende rekeningsaldo weens die laer olie-invoerrekening, impliseer dit dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank sy poging om sy beleidsrentekoers te 'normaliseer', moontlik selfs vir 'n lang tydperk vanjaar, op ys sal kan sit.

Die positiewe impak van laer oliepryse op die ekonomie sal egter waarskynlik tot 'n beduidende mate tot niet gemaak word deur laer steenkool- en basismetaaluitvoer-kommoditeitspryse en elektrisiteitstekorte.

In Januarie 2015 het NERSA aangedui dat Eskom se totale kapasiteit (invoere, ingesluit) na verwagting in 2015 46 252 MW sal bereik, terwyl spitsaanvraag teen 39 536 MW verwag word. Die byvoeging van die eerste eenheid by Medupi, met 'n kapasiteit van 794 MW, word in Junie 2015 verwag. En hoewel bykomende kapasiteit uit die Ingula-pompstooraanleg eers in 2016 (van 2015 af uitgestel) beskikbaar sal wees, word daar verwag dat Eskom se totale kapasiteit die aanvraag na elektrisiteit sal oorskry. Die probleem is egter dat, oor die afgelope jare, 'n al groter gedeelte van Eskom se kapasiteit weens onderhoud nie beskikbaar is nie. Wat veral bekommer, is die styging in onbeplande onderhoud. In die geheel was slegs 77 persent van Eskom se kapasiteit (as die energiebeskikbaarheidsfaktor, of EBF, bekend) gemiddeld in 2014 beskikbaar ('n afname van tot minder as 70 persent op een tydstip in Desember 2014).

Die probleem is dat, aangesien die grootste deel van die huidige onderhoud onbeplan is, dit uiters moeilik is om die waarskynlike beskikbaarheid van kapasiteit deur die res van die jaar te voorspel. Eskom doen 'n groot hoeveelheid beplande onderhoud in die middel van die somer en dit is dus redelik om te verwag dat 'n beduidende hoeveelheid kapasiteit in die volgende paar maande weer beskikbaar sal weer. Maar selfs al verhoog die EBF tot rondom 77 persent, sal kapasiteit waarskynlik naelskraaps aan die aanvraag kan voldoen. As 'n EBF van 77 persent nie bereik word nie, sal dit uiters kommerwekkend wees.

Die slotsom is dat elektrisiteitsonderbrekings waarskynlik dikwels sal voorkom. Maar besighede moet nie net die beperkings van onvoldoende elektrisiteitvoorsieining hanteer nie. Skerp stygings in elektrisiteitspryse is ook waarskynlik ons voorland. Een van die probleme wat Eskom byvoorbeeld in die gesig staar, is die koste van die bedryf van sy oopsiklusgasturbines (OSGT) in 'n poging om aan spitsaanvraag te voldoen. Aanvanklik was daar beoog om die OSGT's vir omtrent 3 uur per dag te gebruik, om die spitsaanvraag te hanteer. Oor die afgelope maande het die kragvoorsiener egter by tye sy OSGT's vir tussen 12 en 16 uur per dag laat loop. Die grootste hiervan, Ankerlig en Grourikwa, bedryf gesamentlik veertien turbines . Elke turbine gebruik ongeveer 47 000 liter diesel per uur. Gestel die turbines loop teen 30 persent (7 uur per dag), sal hulle 7 miljoen vate olie per jaar, teen 'n koste van R500m per maand, gebruik. Aangesien die OSGT's dus teen 'n beduidende verlies vir Eskom loop, sal die koste verhaal moet word – waarskynlik deur tariefverhogings.

Voorts wend Eskom hom ook tot die Nasionale Tesourie vir hulp op 'n tydstip wanneer die fiskale owerhede geen beweegruimte het nie. In die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (Oktober 2014) het die Nasionale Tesourie in der waarheid aangedui dat bykomende maatreëls vir die opwek van inkomste oor die komende finansiële jare nodig sal wees. Met die skrywe hiervan is die uitkoms van die Nasionale Begroting, wat op 25 Februarie 2015 deur Minister Nene gelees sal word, nog nie bekend nie. Ten minste dui 'n noukeurige lees van die Davis-belastingkomitee se bevindings daarop dat die komitee ten gunste is van 'n belastingstelsel wat klein- en mediumondernemings ondersteun. Die komitee erken ook die behoefte om die nakomingslas van klein- en mediumondernemings te verlig. Nodeloos om te sê, sal enige belastingverligting, of vermindering van die nakomingslas, 'n baie welkome ontwikkeling vir klein- en mediumondernemings wees.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur